

ST. JAN VAN GOD

8 MAART

(1495-1550)

Hierdie heilige stigter van die Hospitaalbroeders is in Portugal gebore. Ná 'n losbandige lewe as soldaat kom hy op die ouderdom van 40-jaar tot bekering en gee hy homself oor aan die Wil van God. So begin hy om die armes en siekes en bedelaars en almal wat verstote was te versorg. Sy werk brei uit en om hom versamel daar mettertyd 'n groepie toegewyde manne wat bereid was om hul lewens aan dié bediening toe te wy. So ontstaan die Hospitaalbroeders wat gou regoor Europa versprei het.